
# Selfstandige naamwoord

'n Selfstandige naamwoord is iets waaraan jy kan vat.

- Jan sit op 'n **stoel**.



- Ben bestuur die **kar**.




- Die **kat** vang die **muis**.




# Byvoeglike naamwoord

'n Byvoeglike naamwoord vertel jou meer van die selfstandige naamwoord.


- Die nuwe kar is groen.



- Die stadige skilpad is oud.



- Die geel son skyn helder.



# Werkwoord

'n Werkwoord is iets wat jy doen.

Karla **swem** in die swembad.

---

'n Werkwoord kan ook **is** en **word** wees.

- Die seun **is** siek.
- Mia **word** nege jaar oud.

---

'n Werkwoord kan ook in die verlede tyd wees.

- Sy **het** gister met haar pop **gespeel**.



# Bywoorde


Dit vertel ons meer van die werkwoord.

## Bywoord van plek (waar)



- Die kinders speel **buite.**

---




## Bywoord van wyse/manier (hoe)

- Karla draf **vinnig.**

---

## Bywoord van tyd (wanneer)



- Ben bad in die **aand.**